

ST. OTTO VAN BAMBERG

2 JULIE

(1060-1139)



Hy is uit 'n adellike familie by Mistelbach in Duitsland gebore. Hy word op 'n jong ouderdom priester gewy en in 1088 aangestel as hofkapelaan van hertogin Judit, die suster van keiser Hendrik IV. So raak die keiser van sy besondere gawes bewus en in 1092 word hy aangestel as rykskanselier. Hy reis in 1111 saam met Hendrik na Rome waar laasgenoemde deur die pous tot keiser van die Heilige Romeinse Ryk gekroon is en Otto terselfdertyd deur die pous tot biskop van Bamberg gewy is. Hy was 'n uitstekende biskop en ware verkondiger van die Evangelie wat baie gedoen het om die heidense bewoners van Pommeranië te kersten. Hy sterf in 1139 en is begrawe in die Michaelsberg abdy in Bamberg.